Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Praktykopleiding in die industrie 403 (KTP 403)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Modulekrediete	5.00
Programme	BConSc Kledingkleinhandelbestuur
Voorvereistes	Dokumentasie van werksondervinding soos vereis vir studiejare 1-3
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Studente moet gedurende die 4 jaar van studie, gedurende vakansietye, oor naweke en na-uurs, ’n totaal van 480 uur praktykopleiding in die industrie doen om praktiese en bedryfsvaardighede te ontwikkel, deel te neem aan gemeenskapsprojekte/ ontwikkeling en diensleergeleenthede te benut. Dit is gelykstaande aan 3 weke x 40 uur (120 uur) per jaar, volgens die vereistes soos bepaal deur die departementshoof. Hierdie "“krediete” sluit bewys in van praktykopleiding, diensleer en gemeenskapsontwikkeling gedurende die vier jaar van die studieprogram en moet suksevol voltooi wees tesame met bewyslewering van ’n volledige portefeulje alvorens die graad toegeken sal word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.